MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE
MILK PRODUCERS' ORGANISATION

# Nuwe Bek-en-Klouseer Beheermaatreëls Uiteengesit

Op 8 Julie 2026 is die nuwe BEK (Bek en Klouseer) maatreëls gepubliseer onder Artikel 9 van die Wet op Dieregesondheid , Wet 35 van 1984.

## Inleiding

Die vorige regulasies was opgestel om BEK te beheer toe Suid-Afrika BEK-vry was sonder inenting. Intussen het die situasie aansienlik verander, met meer as 2 500 plase oor die land wat sedert 2019 BEK opgedoen het.

Die nuwe beheermaatreëls neem in ag dat BEK tans buite beheer is en dat die maatreëls die huidige situasie moet aanspreek. Dit is a lewende dokument wat aangepas sal word soos die praktiese uitvoerbaarheid en effekte van die maatreëls bekend word. Die maatreëls moet binne 12 maande hersien word. Die maatreëls is tydelik van aard. Soos BEK onder beheer gebring word sal die maatreëls weer aangepas word om strenger te wees.

Die primêre doel van die maatreëls is om boere toe te laat om handel te dryf terwyl die risiko, om BEK te versprei, so ver moontlik beperk word.

Die maatreëls is minder voorskriftelik en gee die staatsveearts meer vryheid om die maatreëls aan te pas by elke plaas se omstandighede. Terselfdertyd word daar verwag dat die boer ook mede-verantwoordelikheid moet aanvaar om sy diere teen BEK te beskerm.

## Die Minister van Landbou, Mnr Willie Aucamp, het intussen die volgende afgekondig:

1. Eienaars van gespleethoewige diere mag hulle diere vrywilliglik inent teen BEK in lyn met sekere biosekuriteitsmaatreëls, wetlike voorskrifte, naspeurbaarheid en rapportering.
2. OBP (Onderstepoort Biologiese Produkte) het hulle reg as enigste invoerder en verspreider van BEK-entstowwe prysgegee. Enige kwalifiserende entiteit mag nou BEK-entstowwe invoer en versprei.
3. Die Minister het ook aangekondig dat boere hulle diere self mag inent. Dit hoef nie meer deur die staatsveearts, dieregesonheidstegnikus, privaat veearts of onder hulle toesig toegedien te word soos voorheen die geval was nie.



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

## Wat het verander?

1. Dag Zero kan nou bepaal word sodra daar nie meer nuwe kliniese gevalle op die plaas voorkom nie. Dit is nie meer nodig om te wag vir laboratoriumuitslae nie.
2. Die kwarantynperiode is verkort van 12 maande na slegs 42 dae vanaf Dag Zero.
3. Vanaf dag 16 tot dag 41 na Dag Zero moet diere by 'n BEK-goedgekeurde slagpale geslag word. Vir hierdie tydperk hoef slegs die kop en pote vernietig te word. Dis nie meer nodig om die afval en velle te vernietig nie.
4. Vanaf dag 42 na Dag Zero mag diere by enige slagpale geslag word en geen dele van die karkas word meer vernietig nie.
5. Plase wat grens aan 'n plaas met BEK word slegs onder bewegingsbeheer geplaas totdat bevestig kan word dat die BEK-virus nie versprei het nie. Die staatsveeartse is nou by magte om elke geval op meriete te hanteer. Die reël dat alle plase binne 'n 10km radius onder kwarantyn geplaas moet word, het weggeval. Plase binne hierdie radius sal slegs onder bewegingsbeheer geplaas word indien die staatsveearts dit nodig ag.
6. Besmette persele waar al die diere verwyder is kan nou herbevolk word met inge-ente diere vanaf die oorspronklike Dag Zero.
7. Dit is nie nodig vir melkverwerkers om melk van plase wat onder kwarantyn is te skei van melk van plase wat nie onder kwarantyn is nie.
8. Melk bestem vir binnelandse verbruik hoef slegs een keer gepasteuriseer te word.
9. Gesonde diere wat voorkomend ingeënt word is onder geen BEK-beperkings nie.
10. Die staatsveeartse het nou voorgeskrewe tydperke waarbinne hulle plase moet besoek en sertifikate/permitte moet uitreik om Dag Zero te bepaal en kwarantyn te kan lig.

# Uiteensetting van Artikel 9 Bepalings

Hierdie is 'n lys van die belangrikste veranderings in die nuwe maatreëls en hoe dit die melkbedryf raak. Die paragrawe wat in hakies aangehaal word verwys na die verwante paragrawe in die nuwe Artikel 9 Beheermaatreëls

### 1. <u>Kwarantyn (par.7)</u>

   a. **Sodra 'n perseel as BEK besmet bevestig is**, word alle gespleethoewige diere op die perseel as potensieel besmet beskou totdat die teenkant bewys kan word. (par. 7.1.5)
   b. **Geen beweging van gespleethoewige diere** sonder 'n Rooikruispermit , uitgereik deur die staatsveearts, word toegelaat vanaf 'n plaas wat onder kwarantyn is nie. (par. 7.4)
   c. **Aangrensende plase**
      i. Aangrensende plase en plase wat epidemiologies gekoppel is aan die indeks plaas (bv. droë-koei en vers plase) sal onder onmiddellike bewegings beheer geplaas word. (par. 7.2.1)



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

ii. Geen diere mag van hierdie plase af beweeg totdat kliniese ondersoeke bevestig het dat hierdie eenhede BEK-vry is nie. (par. 7.2.1)
iii. Die staatsveearts is by magte om bewegings beheer wyer toe pas, na verdere plase toe, indien dit is in sy/haar oordeel noodsaaklik is om die verspreiding van BEK te verhoed. (par 7.2.2)
iv. Sodra die omvang van die uitbraak bepaal is kan die staatsveearts bewegingsbeheermaatreëls uitbrei, of ophef, in 'n area om die beweging van diere op plase, wat nie onder kwarantyn is nie, onder toestemming of permitte toe te laat. (par. 10.1)
v. Elke uitbraak se beheermaatreëls word bepaal deur die toestande op die plaas en omliggende gebiede en sal op meriete bepaal word. (par. 10.3; par. 10.4)

## 2. <u>Bepaling van Dag Zero – (par 15.2)</u>

**a. Plase wat simptome wys – (par15.2.1)**

i. Indien 'n plaas 'n BEK-uitbraak ervaar, moet daar gewag word totdat daar geen nuwe gevalle is waar diere duidelike kliniese simptome wys nie. (par. 15.2.1.a)
ii. Die staatsveearts moet dan die kudde kom inspekteer, binne 5 dae, en bevestig dat daar geen nuwe gevalle was nie, en die datum aanteken. (par. 15.2.1.a; par. 15.2.1.b))
iii. 2 Weke later moet die staatsveearts weer die kudde inspekteer om te bevestig dat daar intussen geen nuwe gevalle van BEK op die plaas was nie. (par. 15.2 1.c)
iv. Met bevestiging dat daar geen nuwe gevalle was nie sal Dag Zero bepaal word as die dag van die eerste inspeksie deur die staatsveearts soos aangeteken onder punt ii hierbo. (par. 15.2.1.c)

**b. Plase wat BEK gehad het, maar nie meer simptome wys nie – (par. 15.2.2)**

i. Indien daar geen meer diere is wat vars kliniese simptome wys wanneer bepaal word dat die plaas BEK gehad het en die kudde word vir die eerste keer ge-ent, sal Dag Zero bepaal word as die laaste dag wat diere vir die eerste keer op die plaas inge-ent word. (par. 15.2.2.a)
ii. Indien daar diere is wat simptome wys tydens inenting sal die bepaling van Dag Zero bepaal word deur die staatsveearts soos beskryf onder punt 2(a) hierbo. ((par. 15.2.2.a)

**c. Inbring van nuwe diere (par. 14)**

i. Dis veral van toepassing op droë koeie en verse wat kalf wat verskuif word vanaf 'n ander droë-koei- of versplaas na die melkstalplaas toe.
ii. Indien nuwe diere in die kudde ingebring word, sal die Dag Zero bepaal word as die Dag Zero wat laaste vasgestel was vir die huidige kudde of die diere wat ingebring is. (par. 15.2.2..b)
iii. Die hele kudde op die plaas sal dan onder die nuwe Dag Zero val. (par. 15.2.2.b)



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

## 3. Kwarantynperiode – (par 17)

a. **Kwarantyn sal gelig word 42 dae na Dag Zero** indien daar geen diere is wat vars simptome van BEK gewys het in hierdie periode nie. (par 17.3.1; par. 17.4.2; par. 17.6)
   i. Die staatsveearts moet 24 uur, nadat die vereistes vir die lig van kwarantyn aan voldoen is, die aansoek indien by die Provinsiale Direkteur om kwarantyn te lig. (par. 17.7)
   ii. Indien die aansoek suksesvol is moet die geskrewe kwarantyn kansellasie binne 24 uitgereik word. (par. 17.8)
   iii. Die persoon wat verantwoordelik is vir die diere (die bestuurder of eienaar van die grond of die eienaar van die diere) moet binne 48 ingelig word van die uitkoms van die aansoek. (par. 17.8)

b. **Herbevolking van 'n ontvolkte plaas na 'n BEK uitbraak – (par 17.3)**
   i. Indien al die diere op 'n plaas verwyder kan word (geslag of verkoop), kan ander diere ingebring word onder die volgende voorwaardes.
   ii. Inbring van inge-ente diere mag geskied vanaf Dag Zero mits die diere nie minder as 14 dae of meer as 6 maande gelede inge-ent is nie. – (par 17.3.1)
   iii. Inbring van diere wat nie inge-ent is nie mag geskied vanaf Dag Zero mits die diere ge-isoleer was vir ten minste 28 dae en geen simptome gewys het in daardie tydperk nie. (par. 17.4.1)
   iv. In albei gevalle genoem onder punte 2.b.ii en iii hierbo sal kwarantyn deur die staatsveearts eers gelig word, 42 dae na Dag Zero. (par. 17.3.2; par. 17.4.2)
   v. Sou daar vatbare diere, anders as beeste, skape, bokke en varke op die plaas wees wat nie verskuif kan word nie (bv. wildspesies), moet daar eers aansoek gedoen word by die Dept. van Dieregesondheid voordat diere ingebring word. Elke geval sal op eie meriete oorweeg word. (par17.5)



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

**c. "Gedeeltelike" kwarantyn (par 7.1.2; par 7.6; par. 17.2)**

i. Op groot plase of areas waar groepe diere epidemiologies geskei is, kan die staatsveearts dit evalueer en 'n motivering by die Provinsiale Direkteur indien dat slegs 'n gedeelte van die eiendom/area besmet is en onder kwarantyn geplaas hoef te word. (par. 7.1.2; par. 7.6)
ii. Die res van die eiendom/area sal dan slegs onder bewegingsbeheer geplaas word totdat daar bevestig is dat die dierebevolkings duidelik geskei en simptome vry is. (par. 7.6)

## 4. Verskuiwing van lewendige diere vanaf persele wat onder kwarantyn is (par. 14.1)

a. Alle diere, wat vanaf 'n perseel wat onder kwarantyn is verskuif word, moet aangeteken wees in 'n lewendehawe-identifikasie- en naspeurbaarheidsstelsel. (par 14.1)
b. Verskuiwing mag slegs plaasvind onder 'n rooikruispermit uitgereik deur die staatsveearts. (par. 7.4; par 14.1)
c. Lewendige diere mag onder sekere omstandighede vanaf persele, wat onder kwarantyn is, verskuif word. Die meriete van die noodsaaklikheid om besmette diere te verskuif sal per geval deur die staatsveearts bepaal. (sien par. 14.2 vir voorbeelde)
d. Diere op plase wat nie BEK-positief is nie, maar onder bewegingsbeheer is, kan toegelaat word om na abattoirs vervoer te word, mits daar geen vars kliniese gevalle van BEK in die kudde is nie. (par.14.5.1)

## 5. Verskuiwing en verwerking van melk vanaf besmette diere

**a. Melkprodusente**

i. Onbesmette kuddes wat voorkomend ingeënt is se melk is onder geen beperkings nie. (par. 9.5.3)
ii. Ongepasteuriseerde melk mag nie vanaf 'n besmette plaas aan die publiek verskaf word nie. Melk mag slegs vanaf 'n plaas verkoop word indien dit op die plaas gepasteuriseer is. (par. 9.5.1.b)
iii. Ongeprosesseerde melk (rou melk) vanaf plase onder kwarantyn mag slegs na 'n melkverwerker verskuif word met 'n geldige rooikruispermit vanaf die staatsveearts. (par. 9.5.1.e)
iv. Terwyl die plaas onder kwarantyn is vir BEK moet die beesmis moet op 'n geskikte wyse behandel of gekomposteer word om die BEK virus te inaktiveer. (par. 9.6)
v. Voer en weiding moet beskou word besmet as met die BEK virus terwyl die plaas onder kwarantyn is. Voer wat verkoop word moet op 'n gepaste wyse behandel word om verspreidig van die BEK virus te voorkom. (par. 9.7)

**b. Melkverwerkers (par, 9.5.1, par. 9.5.2, par. 9.5.3)**



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

i. **Melk vir die binnelandse mark**
   1. Melkverwerkers moet rekord hou van alle melk wat ontvang word vanaf plase onder kwarantyn, insluitende die plaas van oorsprong, die plaas se besmettings status en hoe die melk verwerk is. (par 9.5.1.d)
   2. Streng biosekuriteit moet toegepas word met die kollektering en vervoer van melk. Trokke moet skoongemaak en ontsmet word nadat melk by die prosesseringsaanleg afgelaai is. (par. 9.5.1.c)
   3. Indien melk slegs vir die binnelandse mark bestem is, is enkel pasteurisasie voldoende. (par. 9.5.1.a)

ii. **Melk bestem vir die uitvoermark**
   1. Indien 'n melkverwerker onderneem om melk, vanaf plase wat onder kwarantyn vir BEK is, te ontvang en te verwerk vir die uitvoermark, moet die instansie eers aansoek doen by die toesighoudende staatsveearts. (par. 9.5.2.c)
   2. Daar moet ouditeurbare bewyse wees dat die melkverwerking onverwerkte en verwerkte suiwelprodukte volgens WOAH standaarde kan skei. (par.9.5.2.c)
   3. Melk bestem vir die uitvoermark moet geprosesseer word volgens WOAH standaarde (of 'n hoër standaard as WOAH). (par. 9.5.2.a)
   4. Melk wat nie geprosesseer is tot WOAH standaarde nie mag slegs uitgevoer word indien die invoerland daartoe instem. (par. 9.5.2)
   5. Melk van BEK besmette plase wat afgelaai word by die verwerker hoef nie geskei te word van melk van onbesmette plase nie. Tensy die invoerland daarop aandring. (par. 9.5.2.c)

## 6. Slag van diere wat BEK gehad het (par. 16)

a. Geen slag van diere voor die 16de dag na Dag Zero word toegelaat nie. (par 16.6.1)
b. Diere moet klinies gesond wees wanneer hulle na die abattoir vervoer word. Daar mag geen tekens wees dat daar nuwe gevalle van BEK in die kudde was na Dag Zero nie. (par. 16.4)
c. Vanaf dag 16 mag lewendehawe slegs geslag word by 'n BEK-goedgekeurde abattoir. Slegs die kop en pote moet vernietig of verwerk word vanaf dag 16 tot dag 41na Dag Zero. Geen ander verwerking of wegdoening van enige ander deel van die karkas is nodig nie. (par. 16.6.2; par. 16.8.3; par 16.8.4; par. 16.8.5)
d. Tot op dag 42 na Dag Zero mag diere slegs onder 'n Rooikruispermit vervoer word na die abattoir. (par. 14.3.1; par. 16.2)
e. Geskrewe toestemming moet vooraf vanaf die abattoir verkry word dat hulle bereid is om diere te ontvang wat onder BEK kwarantyn is. (Par. 16.2; par 16.8.1)
f. Vanaf 42 dae na Dag Zero mag diere by enige abattoir geslag word sonder enige beperkings.



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*

g. ‘n Uitvoer-abattoir mag BEK diere slag mits die invoerland daartoe instem en die abattoir kan bewys dat daar toepaslike skeiding van die BEK-besmette lyne en skoon lyne is. (par. 16.9)

## 7. Inenting (par. 11)

**a. Boere mag self inent**

i. **Par. 11.2 van die Artikel 9 beheermaatreëls** bepaal dat inenting deur of onder die toesig van die staatsveearts of sy bemagtigde moet geskied. Die Minister van Landbou het hierdie bemagtiging uitgebrei na die boere. Dus mag boere nou hulle diere self inent sonder toesig.

ii. Die koue ketting moet behoue bly. (par. 11.6)

iii. Versuim om biosekuriteit toe te pas kan lei tot vervolging. (par. 11.7)

## 8. Rekordhouding en Identifisering van diere (par. 12)

**a. Alle diere moet individueel identifiseerbaar wees.**

b. ‘n Volledige register waar al die vatbare diere aangeteken is moet beskikbaar wees en op datum gehou word met enige veranderinge soos aankope, geboortes, verkope, slag en vrektes. (par. 12.2; par. 17.7)

c. Diere moet geregistreer wees op ‘n lewendehawe identifikasie- en naspeurbaarheidsstelsel. (par. 12.1; par. 14.1)

d. Gedokumenteerde bewyse van alle diere wat inge-ent is teen BEK moet beskikbaar wees en bewys dat die diere voldoende inentings ontvang het en dat hulle skraagdosise op datum is. (par. 11.3)

## 9. Welsyn

a. Indien diere uitgesit of vernietig moet word terwyl hulle onder kwarantyn is, moet dit op ‘n menslike wyse gedoen word. Indien daar onsekerheid is oor die beste metodes, is dit raadsaam om dierewelsynsorganisasies te raadpleeg. (par. 13.2)

b. Daar moet verseker word dat alle omgewings wetgewing nagekom word met die verwydering van die karkasse.

c. Karkasse moet vernietig, begrawe, verbrand of gekomposteer word om die verspreiding van die BEK virus so ver moontlik te beperk.

d. Die staatsveearts moet ingelig word van alle diere wat vernietig word om die rekordhouding van diere en die veilige vernietiging van die karkasse te verseker.



Glenwood Office Park 266 Sprite Avenue, Faerie Glen, Pretoria (0081) | PO Box 1284, Pretoria (0001) R.S.A
Tel: +27 (0)12 843 5600 | www.mpo.co.za

**Directors**
LG Gibbs (Chairperson, National), CJ Neethling (Vice-Chairperson, National), AJ Fourie (Vice-Chairperson, North),
SJ Berning (Chairperson, KwaZulu-Natal), BB van Greunen (Chairperson, Western Cape), G Hume (Vice-Chairperson, Western Cape),
D Landman (Chairperson, Eastern Cape), ZM Gebeda (Vice-Chairperson, Eastern Cape)

*Non-Profit Company (NPC)* *Reg no 1998/012925/08*